# HOOFSTUK 2

# DIE FINANSIËLE BESTUURSTAAK VAN DIE HOOF MET BESONDERE VERWYSING NA DIE AARD, OMVANG EN HANTERING VAN DIE SKOOL SE SKOOLFONDS

## 1 Inleiding

Die gladde verloop van die onderwysgebeure stel daagliks hoë eise aan die hoof se bestuursvaardigheid. Verskeie terreine, waaronder die personeel, leerlinge, ouergemeenskap en finansies, is aangewys op die dinamiese bestuurshandelinge vir die uiteindelike doelbereiking.

Sonder om die finansiële terrein te verabsoluteer of enigsins uit verband te ruk in verhouding tot die ander, kan die belangrikheid daarvan nie onderskat word nie. Slegs vanuit ´n grondige kennis van die reëls en regulasies wat finansies onderlê, kan hierdie terrein suksesvol beskryf word.

In hoofstuk 1.2 is melding gemaak van die soorte onderwysfondse waarvan ´n hoof moet kennis dra, t.w.:

* Fondse wat departementeel aan ´n skool toegewys is en wat slegs deur die onderwysdepartement hanteer word.

* Fondse wat deur ouers van kosgangers in ´n koshuisfonds inbetaal word en deur ´n koshuiskomitee bestuur word.

* Fondse wat deur die inisiatief en onder die leiding van die hoof, die personeel, leerlinge en ouergemeenskap ingesamel word. Die doel hiervan is om noodsaaklikhede vir die skool aan te koop en om fondse vir verpligte uitgawes te voorsien. (Vgl. 2.3).

Die finansiële bestuurstaak van die hoof kom hoofsaaklik by laasgenoemde fonds ter sprake, omdat hy, anders as by eersgenoemdes, volle verantwoordelikheid dra vir die beheer oor die skoolfonds.

Vervolgens sal die bespreking handel oor die soorte skoolfinansies met besondere verwysing na ´n skool se eie fondse, die aard, die insameling en besteding daarvan en ook die instansies en persone betrokke hierby.

2 Die aard van onderwysfinansies

Sedert die grondwet van 1907 het onderwysfinansiering steeds prominent in onderwyswetgewing gebly, ondanks talle wysigings in die grondwet van die eertydse Unie en die huidige Republiek van Suid-Afrika. Saam met wetgewing oor plaaslike bestuur, godsdienstige grondslae en taalgelykheid, vorm dit die hoekpilare van onderwyswetgewing (Coetzee, 1975:337). Deur wetgewing word die finansiële aanspreeklikheid van die owerheid dus bevestig. Om uitvoering hieraan te gee, word ´n jaarlikse toewysing uit die staatskas vir onderwys gestem.

Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel is gedesentraliseer. Dit het tot gevolg dat gedelegeerde gesag aan die hoof van elk van die vier provinsies oorgedra word (Barnard, 1984:17). Finansies vir die onderwys word uit die staatskas aan elk van die provinsies betaal om die onderwys in die betrokke provinsie te finansier. Volledige voorskrifte beheer die hantering van hierdie finansies wat in amptelike handleidings, bv. die Handleiding vir skoolorganisasie (1978), bekend staan as provinsiale gelde.

Provinsiale gelde is een onderskeibare onderwysfonds wat aangewend word om onderwys in die provinsie te bedryf. ´n Ander fonds wat nie deur die

onderwysdepartement of provinsiale owerheid hanteer of voorsien word nie, maar in die onderwysregulasies genoem word, is skoolfonds (Hart, 1985:199).

Die bronne van onderwysfinansies kan vervolgens in verskillende kategorieë verdeel word, te wete:

*Departementele gelde

*Koshuisgelde

*Skoolfonds (vgl. bylae 1.)

2.1 Departementele gelde

Uit die aard van hierdie navorsing, kan die insameling, hantering en besteding van departementele gelde nie in al sy fasette bespreek word nie. Daar kan slegs kortliks verwys word na daardie enkele aspekte waarby die hoof van die skool in mindere of meerdere mate betrek word ten opsigte van die bestuurshandelinge wat vereis word. Ander terreine waar die provinsiale en departementele owerhede volle verantwoordelikheid dra, soos in die geval van terreinverskaffing, die oprigting van skole, die voorsiening van fisiese geriewe en voorsiening van aanvangstoerusting, is nie in hierdie navorsing van toepassing nie.

Provinsiale gelde kan in twee kategorieë verdeel word, nl.:

2.1.1 Geld wat deur die provinsiale owerheid ingesamel en bestee word. Hieronder kan busvervoergeld genoem word. Sedert 1924 is busvervoer gratis verskaf om veral leerlinge in die primêre skool so lank as wat dit moontlik is, onder ouerlike sorg te hou (Bekker, 1965:70). Vanaf 1983 word 'n verpligte tarief per busleerling gehef (TOD 5, 1985:387.5).

2.1.2 Geld wat aan die onderwysdepartement toegewys is. Hierdie geld word aan skole toegewys volgens bepaalde formules en is bekend as die jaarlikse toewysing. Die hoof se taak is bloot administratief ten

opsigte van hierdie geld in die opsig dat hy ʹn toegewese bedrag aan verskillende komponente in sy skool allokeer. In samewerking met sy personeel word bestellings vir verbruikbare voorraad (i.e. handboeke, skryfboeke, skryfgereedskap, ens.) en onverbruikbare voorraad (potloodskerpmakers en apparatuur) op ʹn amptelike bestelvorm (TOD 38) uit amptelike katalogusse volgens voorgeskrewe pryslyste bestel. Uitreikings en verrekenings word deur departementele amptenare afgehandel.

In die geval van sekondêre skole is meer terreine te onderskei, o.a. eksamengelde, ensovoorts.

2.2 Koshuisgelde

Koshuisgelde word deur ouers van kosgangers by ʹn skool in die koshuisrekening inbetaal. Koshuise van primêre skole word minder aangetref as wat die geval met hoërskoolkoshuise is, aangesien die onderwysowerheid dit ten doel gestel het om kinders wat nog in die primêre skool is, uit die huis uit te laat skoolgaan om sodoende die voordeel van ouersorg so lank as wat moontlik is te benut (Bekker, 1965:73). Die koshuisfonds word deur ʹn koshuiskomitee bestuur. Die hoof se bestuurstaak is daarin geleë dat hy, in samewerking met die superintendent van onderwys (kring) en lede van die skoolraad besluite moet neem oor finansiële besteding (Kennedy, 1985).

Anders as in die geval van provinsiale en koshuisgelde is ʹn skool se eie fonds (i.e skoolfonds) aangewys op die kundige hantering deur die hoof. Dit behels die beplanning, organisering, leidinggewing en beheeruitoefening ten opsigte van die fonds.

## 2.3. Skoolfonds

### 2.3.1 Die begrip skoolfonds

Melding is reeds gemaak van fondse by ´n skool wat deur die skoolgemeenskap ingesamel word. (Kyk punt 2). In die Amerikaanse onderwysstelsel is dit praktyk dat die uitgawes in skole van distriksowerhede verkry word op grond van jaarlikse uitgawe-begrotings (Casey, 1964:26). Dit bring mee dat die hoof nie by wyse van insamelings ´n skoolfonds moet opbou om in ´n skool se besondere behoeftes te voorsien nie. Indien daar wel ´n reserwefonds opgebou word, bestaan die inkomste tot die fonds uit ´n oorvloei van fondse uit die vorige begroting (Ibid.).

In sommige skooldistrikte in die V.S.A. word gebruik gemaak van ´n gesentraliseerde begroting wat aan bogenoemde beskrywing voldoen. Ander skooldistrikte maak gebruik van ´n gedesentraliseerde begrotingstelsel (Gorton, 1980:124). Laasgenoemde stelsel kom ooreen met die stelsel van skoolfondsbou soos dit hier te lande aangetref word.

Wat die plaaslike onderwyssituasie betref, word van owerheidsweë die volgende eise aan ´n skoolfonds gestel: (AK 573 van 1972, regulasie 2).

* Bydraes tot hierdie fonds is vrywillig.

* Die basis van ´n skoolfonds is ´n vrywillige, vasgestelde bydrae per kind.

* Die hoof aanvaar volle verantwoordelikheid vir die sinvolle hantering en besteding van die skoolfonds.

* Die insameling as sodanig is die verantwoordelikheid van die ouergemeenskap onder leiding van die bestuursraad.

Uit die genoemde vereistes kan skoolfonds soos volg gedefinieer word:

Skoolfonds is daardie gedeelte van ´n skool se finansies wat deur die ouergemeenskap ingesamel word om in die skool se besondere behoeftes te voorsien ten einde effektiewe onderwys te bevorder.

Kragtens artikel 6 (dA) van die onderwysordonnansie word magtiging aan die admininstrateur gegee om ´n fonds by enige openbare skool in te stel. Die uitdruklike voorwaarde is dat bydraes tot hierdie fonds vrywillig is. Dit dien daarop gelet te word dat die benaming in die ordonnansie slegs "fonds" is (Hart 2, 1985:10), maar in die onderwysregulasies word die term as "skoolfonds" gestipuleer. (Hart 1, 1985:199).

In amptelike stukke van die onderwysdepartement word die term "skoolfonds" gebruik vir gelde wat op tweërlei maniere verkry word, nl.:

* deur insamelings soos in regulasie 4 (2) bepaal word
en
* bydraes soos in regulasie 4 (3) bepaal word. (Ibid.).

2.3.2 Insamelings

Om geld vir ´n skoolfonds in te samel, beteken om binne die raamwerk wat regulasies 4 (b), (c) en (d) bied, verkopings, funksies of byeenkomste te reël met die oog op die stywing van die skool se eie fonds. (Ibid., 200).

Die omvang van die skoolfonds word bepaal deur die begroting wat opgestel word met inagneming van beoogde uitgawes wat gedurende die

jaar beplan word. Om die insameling van fondse te beplan, vereis dus ´n kennis van die skool se beoogde opvoedkundige program en die koste daaraan verbonde. (Gorton, 1980:123).

### 2.3.3 Bydraes

#### 2.3.3.1 Vrywiliige bydraes

´n Besliste onderskeid word in die onderwysregulasies getref tussen insamelings en bydraes (Hart, 1985:200), terwyl die handleiding (TOD 1, 1978:263.2) nie so duidelik onderskei nie. Die term "skoolfonds" word in laasgenoemde geval gebruik vir alle gelde wat in die skool se eie skoolfondsrekening inbetaal word. In die gewone spreektaal word skoolfonds beskou as ´n vasgestelde bedrag wat vrywillig deur ´n skoolgaande kind by ´n skool inbetaal word in welke geval ook gepraat word van inbetaling in die skoolfonds.

Die hoof moet kennis dra van die feit dat bydraes in regulasie 4 (3) pertinent genoem word as in wese anders as insamelings. (Hart, 1985:200). ´n Vasgestelde, vrywillige bedrag word genoem as synde amptelik deur die Direkteur van onderwys bepaal op sterkte van artikel 6 (dA) van die ordonnansie. (Hart 2, 1985:16).

#### 2.3.3.2 Verpligte bydraes

Na aanleiding van die RGN-ondersoek in 1980 na onderwysvoorsiening in die RSA, is enkele beginselriglyne voorgestel om die huidige onderwyskundige struktuur aan te pas by die groterwordende eise van die dag. Die eerste beginsel wat as dringend noodsaaklik beskou word, is die van gelyke onderwysgeleenthede vir alle inwoners van die RSA. (RGN 1, 1981:14). Die implikasies hiervan is verreikend. Indien hierdie beginsel geïmplementeer word, sal die finansiele las op die staatskas te groot wees. (Barnard, 1984:68). Die aanduiding is dat die

ouers se bydrae tot die onderwysfinansies drasties sal moet vermeerder om aan hierdie eis te voldoen.

Op grond van bogenoemde afleiding word riglyne neergelê in ´n ongenommerde konsep-administrateurskennisgewing (i.e. AK) van Februarie 1985 wat die kwessie van verpligte onderriggeld aanraak. Genoemde AK is gegrond op artikel 88 (3) van die Grondwet (Wet nr. 32 van 1961), soos gewysig, en artikel (2) van die onderwysordonnansie (TOD 2, 1985: 1,2). Kortliks kom dit daarop neer dat ´n wetlike verpligting op ouers van skoolgaande kinders gelê sal word om vir verpligte onderrig te betaal. Die verpligte bydraes sal volgens voorskrif in verhouding tussen die skoolraad, streekraad en die skool verdeel word. Die gedeelte wat aan die skool toegestaan word, sal in die skoolfonds inbetaal word. (Ibid:8). Dit sal die RSA op een lyn stel met die heersende praktyk in sommige oorsese lande, o.a. Engeland, wat deur middel van belasting wat deur plaaslike beheerliggame gehef word, onderwysfinansies aanvul. (Barnard, 1984:119).

2.4 Die doel van skoolfonds

Uit departementele katalogusse kan onderwysmateriaal wat uit departementele gelde aangekoop kan word, kategories soos volg verdeel word:

* Verbruikbare voorraad, bv. skryfblokke, skryfgereedskap, afrolpapier en -ink, ens.

* Onverbruikbare voorraad, bv. lineale, passers en onderwyserhulpmiddels.

* Skoonmaakmateriaal.

* Buitengewone items, bv. klavier, tikmasjiene, ens.

* Apparatuur en programmatuur vir die media-sentrum.

Indien bogenoemde aankope uit die skoolfonds, soos dit tans bestaan, gedoen moet word, sou sommige óf nie die basiese middele kon bekostig nie, óf die ouergemeenskap sal ´n geweldige las moes dra. Die owerheidsbydrae stel alle skole onder beheer van die onderwysdepartement in die geleentheid om die basiese werksmateriaal en ook die meer gevorderde media-apparatuur en -programmatuur te bekom.

Die owerheid kan om ooglopende redes nie onbeperk voorsien in al die skool se behoeftes aan onderwysmiddele nie. In die departementele katalogusse is dan ook voorsiening gemaak vir vasgestelde maksimum-aankope van bepaalde items. Hierdie vasgestelde hoeveelhede wissel volgens skoolgradering. So kan ´n PIV-skool bv. net een klankskyfie-projektor aankoop, terwyl ´n PI-skool op meer geregtig is. Indien ´n skool meer wil aanskaf, sal dit op eie koste (i.e. uit die skoolfonds) moet geskied.

Skoolfonds is noodsaaklik vir daardie aankope en instandhoudingsdienste wat nie van owerheidsweë voorsien word nie. Dit sluit die aankoop vir onder andere die volgende in:

* boumateriaal vir bv. verversingslokale, kleedkamers by die swembad of tennisbaan;

* addisionele meubels vir bv. die personeelkamer;

* grassnyers en ander terreingereedskap bo die toegelate kwota
en

*media-apparatuur en programmatuur bo die toegelate kwota of wat nie in departementele katalogusse voorkom nie, maar wel departementeel goedgekeur is, soos bv. ʹn video-opnemer of ʹn rekenaar.

Alhoewel die departement nie streng voorskriftelik is oor wat uit die skoolfonds aangekoop mag word of wat nie aangekoop mag word nie, stel regulasie 2 van AK 573 van 1972 die volgende riglyne:

> "Om geriewe te voorsien of aktiwiteite te bevorder wat in die algemene belang van die skool geag word en/of die opvoedkundige belang van die leerlinge te bevorder" (Hart 1, 1985:199).

Binne die enkele beperkinge wat in dieselfde regulasie gestel word, en wat daarop neerkom dat geen persoonlike voordeel uit die skoolfonds verkry mag word nie (TOD I, 1978:263.2), het die hoof baie bewegingsvryheid. Dit hang van sy inisiatief en motivering af of die skoolfonds kan voorsien in daardie behoeftes wat deur hom of sy personeel geïdentifiseer word en wat kan lei tot die verbetering van die onderwys.

## 3 Wyses van verkryging van skoolfonds

### 3.1 Vrywillige bydraes

Op grond van die staat se verpligting om toe te sien dat elke burger van die RSA onderwys ontvang, is die landsowerheid gebind om finansiële steun te verskaf om hierdie verpligting na te kom (Van Schalkwyk, 1981:126). In die RSA is die staatsfinansiering ten opsigte van onderwys so omvattend dat ouerbydraes, behalwe waar belasting ter sprake is, ʹn onbeduidende deel van onderwysfinansiering uitmaak.

Regulasie 4(1),2(a) en 3 bepaal dat vrywillige bydraes per skoolgaande kind deur die ouer betaalbaar is. ´n Maksimumbedrag van R4,00 per kind in die primêre skool en R8,00 per kind in die sekondêre skool is vasgestel. (Hart 1, 1985:200). Daar is egter faktore wat daartoe lei dat ´n hoof nie kan reken op die uitbetaling deur al die leerlinge in ´n skool nie. Die volgende kan as moontlike redes aangevoer word:

* Ekonomiese druk verhinder die ouer om by te dra. Dit kan egter in min gevalle as rede dien, aangesien die bydrae minimaal is.

* Negatiewe houding teenoor die skool.

* Onbetrokkenheid by die skool se aktiwiteite.

* Die verpligting van die staat gee aanleiding tot die houding dat die ouer reeds in die vorm van belasting bydra tot onderwysfinansiering.

So vroeg as 1907 het die Smutswet bepaal dat gratis onderwys aan kinders van Suid-Afrikaanse burgers verskaf sal word. Die genoemde bepaling is in latere wetgewing herbevestig en is ook ´n belangrike beleidsbeginsel in wet 39 van 1967. (Barnard en Coetzee, 1975:179).

Omdat staatsfinansiering die ouer losgemaak het van finansiële verantwoordelikheid ten opsigte van onderwys, bepaal alle voorskrifte rakende ouerbydraes tot skoolfinansies dat dit op vrywillige grondslag geskied. (Hart 1, 1985:200).

Departementele voorskrifte is baie spesifiek met betrekking tot die insameling van vrywillige bydraes. Metodes wat onder meer verbied word, is om ´n kind se aandag te vestig op die uitstaande bedrae, die praktyk by sommige skole om bydraes of gedeeltes van bydraes gelyktydig met toelating tot die skool te eis, en so meer. (TOD 1, 1978:262).

Daar rus dus geen wetlike verpligting op die ouer ten opsigte van finansiële bydraes tot die opvoeding van die kind nie. Die hoof se positiewe benadering en sy kennis van die verwagtinge en gesindheid van die gemeenskap (Goston, 1980:346) is belangrike faktore wat kan meewerk om die ouer daartoe te bring om die bydrae te lewer. Op grond van die ouer se betrokkenheid by en sy verantwoordelikheid tot die opvoeding van die kind, het die ouer die reg om sekere eise aan ´n skool te stel. (Van Schalkwyk, 1981:128). Deur hom op hierdie betrokkenheid en verantwoordelikheid te beroep, kan die hoof die ouers tot die besef bring dat bydraes tot die skoolfonds ´n bydrae is tot die kind se opvoeding.

3.2 Insamelings

Sekere faktore beïnvloed die inbetaling van vrywillige bydraes tot die skoolfonds. (Kyk 3.1). Dit het tot gevolg dat ´n skool nie op hierdie bron van inkomste kan staatmaak om ´n begroting te laat funksioneer nie. Alternatiewe metodes moet dus aangewend word om die skoolfonds op ´n funksionele grondslag te plaas.

Verhoogde eise met betrekking tot doeltreffende onderwys dwing die hoof om meer en beter toerusting aan sy personeel beskikbaar te stel om aan die eise te voldoen. Tegnologiese ontwikkeling het baie daartoe bygedra dat konvensionele apparaat soos die skryfbord, flitskaarte, strokiesprojektor, leesboeke, ens. aangevul en in sommige gevalle selfs vervang moet word deur meer toepaslike en funksionele apparaat. (TOD 7, 1984:121).

Die feit dat die onderwysowerheid aanvangstoerusting aan skole voorsien, maar in beperkte hoeveelheid, (vgl. 2.3), noodsaak die aankoop van addisionele apparaat. Om in die vermoë te wees om dit te doen, moet die skoolfonds toereikend wees. As alleenlik op die

vrywillige bydraes as enigste bron van inkomste staatgemaak word, sal ʼn ontoereikende skoolfonds die gevolg wees.

Om te voorkom dat ʼn skool se aktiwiteite wat beplan is, nie deurgevoer kan word nie as gevolg van ʼn gebrek aan finansies, word in onderwysregulasies aanbevelings gemaak ten opsigte van projekte wat vir fondsinsameling aangewend kan word. (TOD 1, 1978:263.2 - 263.3a).

3.2.1 Die verantwoordelikheid om fondse in te samel lê by die ouers en beherende liggaam. [Reg. 4(1)(a)]. Uit die aard van ʼn hoof se posisie as leier in die skool, kan verantwoordelikheid nie sonder meer oorgeplaas word op die skouers van die ouergemeenskap nie, aangesien hy primêr verantwoordelik is vir alles wat in sy skool gebeur. (Barnard, 1981: 31). Verantwoordelikheid om fondse in te samel kan wel goedgekeur word met dien verstande dat die ouers presies weet wat beplan is en watter regulasies die taak onderlê. (Ibid., 32).

3.2.2 Verkopings van snoeperye met voedingswaarde en skryfbehoeftes word toegelaat. [Reg. 4(2)(c)]. Dit is daarom noodsaaklik dat die hoof finale seggenskap moet hê wanneer besluite oor insamelingsprojekte geneem moet word. Alle aspekte moet oorweeg word met die departementele voorskrifte as riglyn. (Bernard, 1981:21).

3.2.3 Lotery, dobbel en gelukspele word afgekeur as skadelik vir die volksmoreel. [Reg. 4(2)(c)]. Dit is daarom noodsaaklik dat die hoof finale seggenskap moet hê wanneer besluite oor insamelingsprojekte geneem moet word. Alle aspekte moet oorweeg word met die departementele voorskrifte as riglyn. (Bernard, 1981:21).

3.2.4 Behalwe die insameling wat deur middel van verkopings en funksies gedoen word, en wat daadwerklike, aktiewe betrokkenheid vereis, mag die beherende liggaam ook die ouers vra om ʼn addisionele bedrag te betaal. [Reg. 4(3)(b)]. Hierdie versoek mag volgens regulasie

nie deur die hoof gerig word nie.

3.2.5 Insamelings mag slegs met die toestemming van die hoof gedoen word. [Reg. 4(4)]. Omdat finale verantwoordelikheid deur die hoof gedra word, (kyk 3.2.1) volg dit dat slegs insamelings wat tot die voordeel van die kind is en wat nie skadelik is vir die skool se goeie reputasie nie, geloods mag word.

3.2.6 Die Kinderwet bepaal dat geen kind onder die ouderdom van 16 jaar mag kollekteer of persone mag nader om vir hulle borg te staan vir enige aktiwiteit nie. Slegs die ouers en eie familie mag genader word. [Reg. 4(5)]. Die implikasie hiervan is dat geen kind in die primêre skool met borg- of kollektelyste in die gemeenskap mag rondgaan nie. Hierdie regulasie is uitgebrei sodat geen skoolgaande kind aan hierdie praktyk mag meedoen nie.

Bogenoemde uittreksels kan beperkend wees vir ´n hoof met min inisiatief, maar vir ´n dinamiese hoof laat dit ´n wye veld oop waarbinne sy personeel, leerlinge en ouers aktief betrokke kan wees, byvoorbeeld om byeenkomste te reël, operettes en konserte aan te bied en kompetisies te hou wat werklike meelewing deur alle partye vereis.

3.3 Verpligte bydraes

Die verslag van die onderwystaakgroep (1982) soos in die Witskrif (1983) bespreek word, stel dit dat verpligte ouerbydraes tot die opvoeding van hul kind aan te bevele is. Dit is besluit op grond van die opvoedkundige waarde daarvan. Gratis onderwys is opvoedkundig ongesond omdat die kind se sin vir eie verantwoordelikheid daardeur verskraal word. (RSA 2, 1983:28). Die regeringsbesluit daarop ondersteun die standpunt voorwaardelik mits die kind van die behoeftige ouers nie in sy onderwysgeleenthede benadeel word nie. (Ibid., 30).

Implikasies wat uit bogenoemde voorstel voortgevloei het, was die volgende:

* Die Wysigingswet op Nasionale onderwysbeleid, 1982 (Wet nr. 25 van 1982) op Wet nr. 39 van 1967 bepaal dat vry onderwys nie meer ´n staatsverpligting is nie maar dat dit wel verskaf sal kan word. (TOD 7, 1984:218.)

* Kennisgewing nr. R1702 van 5 Augustus 1983 deur die Minister van Nasionale Opvoeding bepaal dat ´n verpligte bydrae deur die ouer betaal sal word. (Ibid.)

*´n Konsep-wysigingsordonnansie om artikel 103 van die hoofordonnansie (ordonnansie 29 van 1953) te vervang waarin verpligte bydraes verordineer word. (TOD 2, 1985.)

* Regulasie 2 van konsep-AK (ongenommer) van Februarie 1985 bepaal dat onderriggelde 10% van die totale wederkerende uitgawe per leerling sal wees. (Ibid., 1.)

* Konsep-AK van Februarie 1985 stel ook ´n verdeling van verpligte bydraes voor, nl.: 15% word aan die skoolraad oorbetaal, 45% aan die streekkantoor en 40% word deur die skool behou.

Die verpligte bydraes is ook deur voorskrifte begrens: (Ibid., 1-8.)

* Die bydraes is verpligtend

* Gelde is jaarliks of termynliks betaalbaar.

* Beurse sal in verdienstelike gevalle beskikbaar gestel word onderhewig aan bepaalde voorwaardes.

* Korting kan toegestaan word vir tydperke van noodwendige afwesigheid.

* Geen uitstaande gelde sal as onverhaalbaar beskou word nie.

* Die skoolraad is verantwoordelik vir die invordering van uitstaande geld.

* Onderriggeld word deur die bestuursraad geadministreer.

* Onderriggelde sal in 'n aparte rekening gestort word.

* Die hoof is verantwoordelik vir die algemene beheer en rekeningaangeleenthede.

* Onderriggeld wat na die verdeling deur die skool gehou word, word vir uitgawes bo departementele bekostiging aangewend waaronder reparasies van meubels en uitrusting en die aankoop van addisionele boeke en uitrusting.

Die afleiding kan dus gemaak word dat die gedeelte van die onderriggeld wat aan die skool toegewys word (40%), ter stywing van die skoolfonds aangewend kan word.

Hoewel verpligte bydraes nog nie in die praktyk gerealiseer het nie, moet hoofde van skole kennis dra van verwikkelinge om sodoende voorbereid te wees.

3.4 Samevattend

Skoolfonds wat nodig is om in 'n skool se addisionele behoeftes te voorsien, betrek elkeen wat aan 'n skool verbonde is. Die betrokkenheid verskil in aard en intensiteit, maar in mindere of meerdere mate word elkeen direk of indirek betrek by die insameling van skoolfonds. In die

volgende afdeling sal die betrokkenheid van instansies en persone bespreek word.

## 4 Persone en instansies betrokke by skoolfondsinsameling

### 4.1 Ter inleiding

Volgens Stone is openheid ´n voorvereiste vir betrokkenheid. (TOD 7, 1984: 15.) Hiermee bedoel hy ´n openheid tussen alle belanghebbendes. Dit kan bereik word deur:

* groter inspraak
* medeseggenskap
* devolusie van gesag
* skepping van ´n demokratiese samewerkingsituasie
* betekenisvolle kontak.

Die aandeel van die betrokkenes sal voorts onder die loep geneem word onder twee hoofde, nl.

die skool
en
die gemeenskap

4.2 Die skool

Die skool as organisasie is ´n werklikheid. Greenfield bespiegel oor die werklikheid daarvan en kom tot die slotsom dat ´n organisasie nie slegs ´n werklikheid is deur die blote bestaan daarvan nie, maar op grond van die funksies en doelwitte van die mense daaraan verbonde. (Bush e.a., 1980:154.) Die mens en organisasie kan nie geskei word nie, maar as interaktiewe mens-in-organisasie kan die elemente daarvan onderskei word. Vir die doel van hierdie bespreking sal die skool as ´n organisasie beskou word wat bestaan uit mense, naamlik die hoof, leerlinge en personeel.

4.2.1 Die hoof

In sy besinning oor metodes om fondse te laat insamel, is dit belangrik om enkele doelwitte voor oë te hou. Die volgende is van belang aldus Barry (1975:50 - 53):

* Om ´n gemeenskap te ontwikkel wat omgee vir die welsyn van ander.

* Om leerlinge aan te moedig om verantwoordelikheid vir hul eie saak te aanvaar en om bereid te wees om daarvoor te werk.

* Om die skool beskikbaar te stel as ´n plek waar diens met verantwoordelikheid gelewer word.

* Om die samewerking van die personeel te verkry tot voordeel van die kind.

Alleenlik as ´n hoof sy personeel en leerlinge positief beïnvloed het teenoor beoogde aktiwiteite, en as hy die gemeenskap betrek het deur van hulle bereidwilligheid en vaardighede gebruik te maak (Gorton,

1980:356), kan werklik aktief gewerk word om fondse in te samel.

Die ouers is nie in ´n posisie om self inisiatief te neem nie. (Bernard, 1981: 47.) Uit sy kennis van die nood van sy skool, kan hy die ouers bring tot daadwerklike, aktiewe deelname. Dit is nie sy verantwoordelikheid om fondsinsameling as sodanig te doen nie (Hart 1, 1985:200), maar sy verantwoordelikheid lê daarby dat hy die mense aktiveer om middele daar te stel sodat dit aangewend kan word om die onderwys in die skool op die hoogs moontlike peil te kry.

Op grond van sy kennis van die behoeftes in sy skool, stel hy ´n finansiële program vir sy skool op. (Gorton, 1980:123.)

Dit is ´n weldeurdagte en goed gemotiveerde finansiële aktiwiteitsprogram wat die hele skoolgemeenskap betrek. Dit dien as ´n beplanningsinstrument wat daargestel is om te verhoed dat die skool se onderrigprogram deur wanbesteding in die wiele gery word. (Jordan, 1969: 109.)

Nadat die begroting deur die skoolfondskomitee goedgekeur is (Hart 1, 1985:200), kan die hoof dit in breë trekke aan al die belanghebbendes bekend maak, sodat dit kan dien as motivering tot samewerking en ook as gerusstelling aan die ouers dat daar gewerk word in die belang van die kind. (Casey, 1964:23.) As medewerker is die ouers geregtig om te weet wat met die geld gedoen word wat deur hulle ingesamel word. (TOD 7, 1984:219.)

By die opstelling daarvan moet die begroting en die skool se jaarprogram gekoördineer word. Dit is wenslik dat die hoof kennis dra van jaarprogramme van ander instansies en organisasies in die omgewing om oorvleueling uit te skakel. Die jaarprogram moet voorsiening maak vir insamelingsgeleenthede. Die ouers speel hier ´n aktiewe rol om deur diens of ondersteuning ´n bydrae te lewer tot die skool se skoolfonds.

Behalwe die geleentheid om geld in te samel, speel funksies en byeenkomste ook ʹn belangrike rol om bande tussen huis en skool te verstewig. (Bekker, 1965:133.)

4.2.2 Die personeel

Die primêre taak van die onderwyser is om onderwys te gee. Dit sluit hoofsaaklik kurrikulêre, maar ook buite-kurrikulêre pligte in. Onder laasgenoemde begrip word verstaan daardie aktiwiteite wat verband hou met opvoedende onderwys waar wegbeweeg word van akademiese onderrig na fisiese en kulturele bedrywighede. (Ibid., 202.) Sy bedrywighede op kulturele vlak bring hom ook in aanraking met die ouer en met die skoolaktiwiteite waarin die ouer betrokke is, waarvan fondsinsasameling een van die belangrikste ouer-aktiwiteite is. (Ibid., 202.)

Onderwys, wat ʹn arbeids-intensiewe organisasie is, moet van alle persone en middele tot sy beskikking gebruik maak om die wye veld van die skool te dek. (Campbell, 1983: 173.) Deur die onderwyser se inisiatief en leiersvermoë te gebruik, kan die ouers se volle werkkrag verkry word.

Deur sy voorbeeld moet die ouers en leerlinge gedwing word tot samewerking in belang van die kind. Soos hy as leier in sy klas optree, tree hy ook op as leier buite die klaskamer. (Behr, 1979: 4.) As deel van die skoolgemeenskap sal hy op direkte wyse sy deel bydra tot fondsinsameling om dit wat hom in die klaskamer tot hulp kan wees, te koop. Sy deelname sal grootliks beperk wees tot afrigting (voetbal, netbal, operette) en reëlings ten opsigte van funksies.

Swartz beklemtoon die feit dat ʹn onderwyser, indien hy oor die vermoë beskik om op ʹn sekere terrein die leiding te neem, deur ʹn hoof toegelaat moet word om sy deel by te dra om sodoende van sy leierskap gebruik te maak. (Ibid. 8.) As ʹn onderwyser ʹn besondere vaardigheid

het om interessante projekte aan te bied, sal dit net ten voordele van die beoogde aktiwiteit wees om hom geleentheid daartoe te gee. Die voorbehoud bestaan egter dat sy primêre taak as onderwyser nie in die gedrang kom nie.

4.2.3 Die leerlinge

In hierdie bespreking sal die kind as leerling onder die loep kom, terwyl hy ook as ´n kind in die gemeenskap ter sprake sal wees (kyk 4.3.2.)

´n Algemene aanname beteffende die kind is dat hy in die skool is om te leer. Dit is ´n geweldige wye begrip, want om die woord "leer" is ´n breë betekenisveld ingebou. Hy moet leer om te lees, te reken, ens., maar dit is ook so dat hy moet leer om sy huidige leefwêreld te ken en te beheer en om sy toekomstige leefwêreld te antisipeer. (Coetzee, 1964: 49.) Hy moet op skool reeds meedoen en nie ´n toeskouer wees nie. (Pistorius, 1970: 250.) Waar projekte aangepak word om meer en beter leermiddels tot sy beswil te voorsien, moet hy ´n aktiewe aandeel hê. Dit is ´n verantwoordelikheid wat van hom geëis word. (Gunter, 1964: 427.)
In die VSA is die leerlinge aktief betrokke by die insameling van ´n sg. studentefonds en hulle dra verantwoordelikheid om mede-leerlinge te aktiveer om saam te werk. Dit is aksies wat nie sonder probleme verloop nie, maar die belangrikste uitvloeisel van hierdie tipe projek is dat leerlinge betrokke is en vir hul skool werk.

In die RSA is die kind minder betrokke sover dit inisiëring en aktivering betref. Hulle aandeel is dikwels beperk tot o.a. die verkoop van kaartjies en die koop van snoeperye wat by funksies aangebied word, en die aktiewe deelname aan aktiwiteitsprogramme. Terwyl die kind deur ´n skooldrag, - wapen, en -lied ingedwing word in die idee van "´n eie skool", is daar min of geen geleentheid waar hy werklik ´n aktiewe

aandeel het deur op eie inisiatief tot die insameling van fondse te kan bydra nie.

Sonnekus poneer dat die term "opvoedende onderwys" kwistig rondgestrooi word sonder dat die werklike betekenis tot uiting kom, want dit word oorskadu deur oormatige klem op "onderwys" te plaas terwyl die "opvoedende" gedeelte nie werklik tot sy reg kom nie (Behr, 1979: 197). Die opvoedingstaak van die skool behoort breër te sny as slegs die aanleer van basiese vaardighede in die klaskamer. Die hele kind met sy volle potensiaal moet omvat word en meer verantwoordelikheid kry t.o.v. die insameling as sodanig, sodat, in die breë skoolpraktyk, sy potensiele gawes tot uiting kan kom (Ibid., 204).

4.3 Die ouergemeenskap

Ouers was, sover die mens se geskiedenis bekend is, nog altyd betrokke by die kind se opvoeding, trouens, dit is ´n onafskeidbare deel van die mens se lewe (Pistorius, 1970:20). Met die totstandkoming van georganiseerde onderwys, het ouerbetrokkenheid verdiep en het dit meer doelgerig geword (Bekker, 1965:200).
Reeds met die Smutswet van 1907 is ouerinspraak in die onderwys gewettig en steeds word meer van die ouer vereis waar dit die opvoeding van die kind raak. Deur geïnstitusionaliseerde ouer-organisasies soos bestuursrade en die TAOV het ouers meer seggenskap in o.a. toesighouding in die onderwys verkry, maar Jooste beweer dat die ouers binne die afsienbare toekoms baie meer nog as in die verlede betrokke gemaak sal word, veral op finansiële terrein.

In die bespreking oor die betrokkenheid van die ouergemeenskap, sal die ouer as ouer, die kind as deel van die gemeenskap, en die ouers in organisasie bespreek word.

4.3.1 Die ouer

Die belangstelling van die ouer het in die verlede gestrek tot by organisatories-administratiewe sake. In die twintigste eeu het die gedagte veld gewen dat die ouer meer inspraak moet hê in die onderwys van die kind (TOD 7, 1984:15). Skrywers soos Starfield (Ibid., 14) en Jordan (1969:33) stel dit dat die professionele terrein van die onderwyser nie vir die ouer toeganklik sal wees nie. Op grond van die onderwyser se professionaliteit huiwer die ouer om op hierdie terrein van die kind se opvoeding in te meng. Daar bestaan egter meer vrymoedigheid by die ouers om in die skool se finansiële sake betrokke te raak aangesien dit gaan om fondse wat grootliks van die ouergemeenskap verkry is.

Een van die hoof se belangrikste take is om die gemeenskap waarin hy werk, te leer ken. Hy moet kennis dra van hulle voorbehoude, eise, houding teenoor die skool en ook hulle sosio-ekonomiese omstandighede. Dit sal 'n deurslaggewende rol speel by die opstel en implementering van die begroting (Gorton, 1980:343). 'n Negatiewe ourgemeenskap sal 'n fondsinsamelingsprogram bemoeilik. Die taak sal aan hom gestel word om eers die gesidheid te verander (Casey, 1975:212). 'n Negatiewe ouergemeenskap se opvoedingsverwagtinge sal nie 'n uitdaging aan die hoof stel nie (Gorton, 1980:346).

Die begroting wat aan die ouers beskikbaar gestel word, moet motiverend wees. Die ouer moet daardeur insig kry in die skool se behoeftes en ideale. Dit is egter nie die eindresultaat wat 'n hoof beoog nie, slegs die begin (Ibid., 348). Gesindheidsbou behoort aktiewe deelname as uitvloeisel te hê.

Om betrek te word, is dit 'n vereiste dat ouers nodig voel. Hulle moet tot die besef gebring word dat hulle vennote is met een gemeenskaplike doel (Casey, 1975:215). Indien slegs van hulle goedere en geld gebruik

gemaak word, kan dit daartoe lei dat hulle steeds voel asof hulle nie werklik ´n betekenisvolle bydrae lewer nie. Hulle kan hulleself dan as ouers van die skool distansieer. Daar moet dus van hulle moontlikhede gebruik gemaak word, bv. handvaardigheid, organisasievermoë, ondernemingsgees, ens. sodat hulle meer as slegs geldelike voorsieners is wanneer hulle by aktiwiteite betrek word (Gorton, 1980:355).

Dit is vir die hoof noodsaaklik dat hy die ouer as ouer moet betrek en nie net d.m.v. die verteenwoordigende liggaam nie. Elke ouer moet van betekenis gemaak word vir die skool en elkeen moet as individu benader word om as aktiewe ouer by die skool in te skakel. ´n Hoof moet egter realisties wees in sy benadering tot die ouers. Hy sal nie ´n gemeenskap aantref wat in die geheel negatief of positief is nie, maar hy sal drie kategorieë aantref wat soos volg verdeel kan word:

* ´n Apatiese groep wat slegs op grond van hulle woonplek deel van die gemeenskap is. Hulle laat alles rakende die kind se opvoeding aan die skool oor en het geen belangstelling in die aktiwiteite van die skool nie.

* Die middelgroep skakel halfhartig in en dit is ´n waagstuk vir ´n hoof om hom op hulle samewerking te verlaat.

* Die aktiewe, positiewe groep skakel heelhartig by die skoolaktiwiteite in en staan baie simpatiek teenoor die skool se behoeftes. Hulle bied hul samewerking sonder voorbehoud en toon ´n diepgaande belangstelling in die kind en die personeel (Bernard, 1981:147).

Indien die nuwe voorgestelde bedeling in die onderwys werklikheid word (kyk 3.3.), sal ouers wetlik verplig wees om ´n vasgestelde finansiële bydrae tot die kind se opvoeding te maak. Bogenoemde drie kategorieë sal ook in hierdie geval aangetref word. Dit sal ´n verdere las op die

skouers van die hoof plaas om volle samewerking te verkry (TOD 7, 1984:20). Alhoewel dit die taak van die bestuursraad sal wees om die bydraes te verkry, sal die hoof steeds die verantwoordelikheid hê om die regte gesindheid by die ouers te kweek.

Die aktivering van die ouers word in 'n groot mate bewerkstellig deur goeie skakeling tussen skool en huis. Uit die aard van die saak is dit nie moontlik om elke wetenswaardigheid langs die normale poskanale aan die ouers bekend te maak nie. Daarom sal die hoof een van die volgende metodes gebruik om die ouers te bereik:

* Mondeling-kollektiewe kontak - oueraande, konsertaande, leerlingbyeenkoms, ens.

* Skriftelik-individuele kontak - persoonlike kor=respondensie.

* Skriftelik-kollektiewe kontak - omsendbriewe (Ibid., 18).

Die eerste en laaste metodes is die mees geslaagdes want om elke ouer te bereik, sal die hoof van 'n lid uit elke ouerhuis, naamlik 'n kind, gebruik moet maak.

4.3.2 Die kind en die gemeenskap

Om die kind as leerling by die insamelingsprojekte te betrek, is uiteraard maklik aangesien die onderwysers aangewys is op die kind se optrede in bv. operettes, gimnastrades, ens. Dit is egter moeiliker om die kind as kind in die gemeenskap te betrek. Ook in hulle geval word die drie kategorieë aangetref (kyk 4.3.1). Dieselfde probleme is hier ter sprake.

Indien aangeneem word dat die hoof op die samewerking van al die skoolkinders in ´n gemeenskap kan peiltrek, is dit nie vanselfsprekend dat ´n insamelingsprojek soos bv. ´n lenteloop of woordbouwedstryd vlot gaan verloop nie. Daar is remmende faktore wat in ag geneem moet word. ´n Prominente feit wat nie vergeet moet word nie, is ´n bepaling deur die Kinderwet dat kinders onder die ouderdom van 16 jaar nie met kollekte- of borglyste anders as na familie toe, mag rondgaan nie [TOD 1, 1978:263.3(a)]. Hierdeur word die insamelingsbydrae van die kind beperk. Die hoof is nou verplig om as alternatief direk met die ouer te skakel. Hierin lê die kind se groot bydrae, nl. dat hy ´n uiters belangrike skakel tussen die skool en die huis vorm.

Die vraag kan nou gestel word of die kind dan tot enige noemenswaardige hulp met die insamelingsprojekte kan wees anders as in beperkte kringe. Dit kan slegs beantwoord word deur weer na die hoof se taak te verwys: die kind moet positief ingestel word om dit na die ouer deur te dra.

Die hoof het toeganklikheid tot die ouerhuis deur middel van die kind (Bekker, 1965:202). Hierdie reg van toegang stel die hoof in staat om die ouers se positiewe gesindheid te verkry. Dit is die belangrikste stap wat nodig is om die weg te baan vir die georganiseerde ouervereniging om die insamelingsaktiwiteit te loods.

4.3.3 Die ouers-in-organisasie

Een van die belangrike en veelseggende gebeure op die gebied van onderwys is die Wet op Nasionale Onderwysbeleid van 1967. Die belangrikheid daarvan is daarin geleë dat aan die ouers-in-organisasie plek toegesê word in die onderwysstelsel en stel ´n wettige skakel tussen die ouers en die skoolraad (Van Schalkwyk, 1981:111).

Behalwe die statutêre ouerliggaam is daar ook vrye organisasies wat suiwer deur ouer-inisiatief tot stand gekom het waar die ouer met die

skool kan skakel. ´n Onlangse verwikkeling in hierdie opsig is die totstandkoming van die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (i.e. TAOV) wat as skakel dien tussen die ouers en die skool en ook tussen die ouers en die onderwysdepartement. Elkeen van hierdie organisasies is in mindere of meerdere mate gemoeid met die finansiële aspek van die skool.

4.3.3.1 Statutêre ouerliggaam

Kragtens die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid (1967) word die ouers van ´n skool op ´n gekose, statutêre beheerliggaam verteenwoordig. In Transvaal staan hierdie liggaam bekend as die Bestuursraad sover dit primêre skole aangaan. Dit is nie staatsliggame nie en beskik oor gedelegeerde gesag (Barnard, 1984:17).

Anders as in vrye organisasies soos o.a. die ouerverenigings, is die Bestuursraad se funksies regulatief bepaal (TOD 7, 1984:18). Lede van die Bestuursraad is verteenwoordigend van die gemeenskap waarin die skool geleë is en dien daardie ouergemeenskap se belange in die skool (Kruger en Krause, 1968:266), maar skakel ook met die skoolraad of die Hoof-superintendent van Onderwys (i.e. Direkteur) (Hart 2, 1985:19).

Die Onderwysordonnansie spel ´n aantal pligte uit wat aan die Bestuursraad toegesê is, waarvan die volgende ter sake is:

* Art. 40 1(b): Onderhoud van geboue en terrein.

* Art. 40 1 (d): Insameling van skoolfonds en onderriggeld.

* Art. 40 1 (f): Stel ´n finansiële komitee (i.e. skoolfondskomitee) aan.

In ´n bespreking wat handel oor die betrokkenheid van ouer-verteenwoordigende organisasies, sê Starfield (TOD 7, 1984:19) dat die ouer se seggenskap in hoofsaak om finansiële sake sal gaan. Wat die insameling van bedryfsfondse betref, sal die dryfkrag van die Bestuursraad deurslaggewend wees.

Artikel 40 1(f) bepaal dat die skoolfondskomitee verteenwoordigend van die skool en ouergemeenskap moet wees, deurdat die hoof as voorsitter dien, ´n lid van die Bestuursraad as lid moet dien, met nog ´n lid uit die ouergemeenskap as verteenwoordiger van buite die statutêre liggaam. Die skoolfondskomitee neem nie die pligte van die Bestuursraad oor nie, maar is ´n komitee wat slegs die finansiële aspek van ´n skool as verpligting het.

Handy (1980:173) besin oor die karakteristieke van ´n groep wat as raad of komitee saamgestel is, en hy onderskei die volgende eise wat aan ´n groep gestel word:

* Algemeen aanvaarde doelwitte.

* Vasgestelde kriteria vir lidmaatskap.

* Voorafbepaalde hiërargie.

* Amptelike benaming.

* Onafhanklike identiteit.

Bogenoemde eise in ag genome, is die Bestuursraad ´n sinvolle groepering en by magte om as verteenwoordigers op te tree. Omdat die Raad uit gekose lede bestaan, volg dit dat die meerderheid van die ouergemeenskap hulle as verteenwoordigers aanvaar en daarmee saam hang die volmag wat aan die lede gegee is om vir en namens die ouers op te

tree. Die implikasies wat dit vir die ouer inhou, is dat die ouers hulle steun aan die Bestuursraad gee ook t.o.v. finansiële sake.

Die bepaling dat die insameling van fondse en onderriggeld as funksie aan die Bestuursraad gegee is, onthef die ouer nou nie van sy verpligting om aktief betrokke te wees nie. Handy (Ibid., 173 - 174) ken die volgende regte aan die raad toe:

* Kan verantwoordelikhede aan persone opdra.
* Kan werk delegeer.
* Kan voorstelle inwin en oorweeg.
* Kan betrokkenheid bewerkstellig.

Uit bogenoemde bespreking blyk dit dat die Bestuursraad 'n duidelike plek en taak t.o.v. ouers en die skool het.

Om die ouers te betrek, impliseer om hulle so aan skoolaktiwiteite te laat deelneem, dat hulle, losgemaak van die Bestuursraad, nog met skoolaktiwiteite gemoeid kan wees. Dit lei tot die ontstaan van vrye organisasies wat suiwer deur die ouers se inisiatief tot stand gekom het.

4.3.3.2 Nie-statutêre ouer-organisasies

Buiten die statutêre ouerliggaam, is daar ook vrye organisasies aan die Transvaalse skole verbonde wat die ouermannekrag tot 'n aktiewe eenheid wil saambind met 'n spesifieke doelwit voor oë.

Omdat die onderwysers die professionele terrein beman, en die Bestuursraad gedelegeerde gesag oor 'n wye front besit, is daar 'n

behoefte aan vrye organisasies wat die personeel en die Bestuursraad tot hulp kan wees.

4.3.3.2.1 Die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (i.e. TAOV)

Uit ´n behoefte wat ontstaan het om gemeenskaplike onderwysbelange op breë grondslag te hanteer, het hierdie vereniging tot stand gekom. Die werking en karakteristieke is die volgende (Kruger, 1985):

* Die vereniging is beperk tot Afrikaanse skole.

* Elke skool waar ´n TAOV bestaan, het ´n komitee wat in beheer is.

* Elke skool het ´n verteenwoordiger op die streekkomitee van die TAOV.

* Elke streekkomitee het ´n verteenwoordiger op die Hoofraad.

* Die Hoofraad kan oorleg pleeg met die onderwysowerheid.

* Lidmaatskapgelde is deur lede betaalbaar.

* Die vereniging dien as bedingingsliggaam vir die Afrikaanse ouergemeenskap.

* Bedinging wentel grootliks om die waardesisteem en beginselsake soos dit by die Afrikaanse ouergemeenskap gevind word.

* Die TAOV is konstitusioneel gegrond op 6 November 1982.

Takke van die TAOV is sedert 1983 by die meeste Afrikaanse skole gestig en het op skoolvlak grootliks die taak van ouerverenigings oorgeneem. Amptelike erkenning deur die provinsiale owerheid is op 17 Junie 1985 aan hierdie ouerliggaam gegee.

4.3.3.2.2 Ouer-onderwysersverenigings (OOV) of ouerverenigings (OV)

Tot voor 1983 was die OOV of OV die mees algemene vereniging by ʹn skool. Die funksies en verpligtinge word in die Handleiding (TOD 1, 1978:416 - 418) uiteengesit. Die verpligtinge op plaaslike vlak is toegespits op positiewe en progressiewe optrede in maatskaplike en finansiële rigtings (Ibid., 417). Belangrike voorskrifte is die volgende:

* Insamelings van fondse geniet hoë prioriteit.

* Deelname van skoolhoof en personeel is nie verpligtend nie, maar wenslik.

* Behoorlike en aanvaarde konstitusie moet opgestel word.

* Die vereniging is nie ʹn forum vir ouers se griewe nie.

* Fondse deur die OOV of OV ingesamel, word in die skoolfonds gestort.

Anders as die TAOV is die OOV of OV

* Beperk tot ʹn spesifieke skool

* Gratis aan elke ouer van die gemeenskap.

* Nie tot 'n taalgroep beperk nie.

* Personeellede kan op die komitee dien as verteenwoordiger van die skool se onderwyspersoneel.

Die bestaansrede van hierdie vereniging is opvoedkundig gegrond en daarop gemik om die onderwysers die geleentheid te gee om hulle primêre taak in die meeste moontlike onderrigtyd uit te voer (Ibid., 16). Verder word dit as 'n belangrike funksie van die vereniging beskou om deur hulle tipiese werksaamhede 'n eie, besondere karakter aan die skool te gee (Ibid, 21).

4.4 Ten besluite

Vir die bespreking oor persone en instansies wat betrokke is by die insameling van skoolfonds, het dit duidelik geword dat die hoof se verantwoordelikheid nie die insameling as sodanig is nie, maar dat hy die koördineerder en koersgewer in die aksies is (Bekker, 1965:125). Sy bestuursvaardighede kom tot uiting in die inisiëring van projekte en aktivering van die skoolgemeenskap om fondse in te samel om die onderwyspeil van die skool te verhoog.

5 Die besteding van skoolfonds

Die hoof van 'n skool moet, as finansiële beplanner, altyd in gedagte hou dat skoolfonds, net soos staatsfondse, beperkinge het. Besteding moet deur 'n begroting begrens word en daar moet voortdurend beplan word om binne die perke van die begroting te bly (TOD 7, 1984:216).

Benewens die beperktheid van fondse is besteding ook nog onderhewig aan regulasies en voorskrifte wat die hoof bind om binne sekere voorgeskrewe grense te bly.

In die inleiding tot hierdie afdeling is dit gestel dat daar sekere beperkinge op die hoof gelê--word wat die besteding van skoolfonds betref. Dit is egter so dat die voorskrifte eerder dien as riglyne of beskermende maatreëls en dat dit nie ´n demper op die hoof se inisiatief plaas nie. Volgens Hart (1, 1985:200) bepaal die belangrikste riglyne in AK 573 van 1972 die volgende:

* Skoolfonds mag nie vir persoonlike voordeel aangewend word nie, bv. vir aanvulling van salarisse nie, maar ´n eenmalige voorskot op salaris in die geval van vertraging, is toelaatbaar.

* Huurkoop word verbied en in die handleiding (TOD 1, 1978: 263.5) word dit bevestig.

* Dit mag nie gebruik word vir gereelde vervoer van en na die skool nie.

* ´n Skoolfondsrekening mag nie oortrek word nie.

Die verantwoordelikheid vir besteding is kragtens regulasie 5 aan die skoolfondskomitee opgedra, en dit is nie ´n funksie van die hoof alleen of die bestuursraad nie.

Die feit dat die skoolfondskomitee verantwoordelik is vir besteding, impliseer dat die hoof en die komitee nou moet saamwerk aangesien die hoof, wat verantwoordelik gehou word vir die beheer van skoolfonds, noukeurig op die hoogte van die skoolfonds se sterkte behoort te wees.

Om te verseker dat die inkomste en uitgawes balanseer, moet die hoof gedurig evalueer om te bepaal of doelwitte soos deur die begroting gestel word, bereik sal word (Gorton, 1980:136). Indien die skoolfonds nie die vrag kan hanteer nie, om die een of ander rede, bv. verswakte

ekonomiese klimaat, moet die prioriteite in oënskou geneem word sodat dit wat die noodsaaklikste is, ten gunste van minder noodsaaklike items aangekoop kan word.

Regulasie 7(3) van AK 573 van 1972 is 'n beskermende maatreël wat bepaal dat slegs die hoof of waarnemende hoof en een lid van die finansiële komitee tjeks vir die onttrekking van skoolfonds mag teken.

Elke voorskrif met betrekking tot die besteding van skoolfonds kan nie hier behandel word nie. Dit is egter belangrik om altyd die skoolfondsbesteding in ooreenstemming met die begroting te hou, en om die kriteria vir die besteding van skoolfonds in gedagte te hou, nl. dat dit tot opvoedkundige voordeel van die leerling moet wees.

## 6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is in breë trekke besin oor soorte fondse waarmee die skool bedryf word. Terwyl oorsigtelik gekyk is na fondse wat van owerheidsweë verkry word, is in meer besonderhede gelet op die skoolfonds wat deur die ouergemeenskap ingesamel word met betrekking tot wyses van insameling, die noodsaaklikheid van skoolfonds, die persone en instansies betrokke by die insameling van skoolfonds en voorskrifte wat die besteding daarvan onderlê.

In hoofstuk 3 sal beplanning as die finansiële bestuurstaak van die hoof in die primêre skool bespreek word, met verwysing na die terrein van finansiële bestuur, die aard en waarde van finansiële beplanning en die subtake wat finansiële beplanning onderlê. Voorts sal 'n bespreking gevoer word oor die instansies en persone betrokke by besluitneming as beplanningstaak.